Acta Theologica 2002: 2

# CALVYN OOR GOD SE GEBRUIK VAN MIDDELE IN SY VOORSIENIGHEIDSHANDELINGE

P.C. Potgieter[1]

## ABSTRACT

## CALVIN ON THE USE OF MEDIA IN GOD'S ACTS OF PROVIDENCE

Obviously not enough research has been done regarding Calvin's view on the use of media by God in his acts of providence. Read superficially, some passages in his writings suggest that he may even regard the eternal Word and the Spirit of God as media of providence. The context however clearly indicates that this is not the case. But then again the question arises whether he does not see particular attributes of the Word and the Spirit as media of providence. This, however, poses the problem that God's attributes are essential to his being, and thus cannot function as external media. His very frequent use of the Latin term *arcanus* in conjunction with media of providence suggests that in essence the providential acts of God remain a mystery for us, unless it is — in some instances — revealed to us in his Word.

Johannes Calvyn het hom in talle van sy geskrifte uitgelaat oor die voorsienigheid van God, soms in 'n formele sin waar hy sistematies handel oor aspekte van die Christelike leer, maar dan ook weer in uitsprake wat direk betrekking het op die lewenservaring, soos byvoorbeeld in baie van sy briewe en in sy gepubliseerde preke. Die voorsienigheidsleer was, trouens, vir hom selfs nie in die eerste plek 'n dogmatiese kwessie nie, maar eerder 'n faktor en dryfkrag wat die daaglikse verloop van die lewe bepaal (vgl. Saxer 1980:22).

'n Kernagtige samevatting van sy siening daaroor is die antwoorde op enkele vrae in die afdeling oor geloof in die Geneefse Kategismus (1545), waar hy onder andere sê dat die Almagtige Vader die wêreld regeer

> deur sy voorsienigheid waardeur Hy alles deur sy wil bepaal, alle skepsele regeer soos dit vir Hom goed is. ... Soos die wêreld eenmaal deur God gemaak is, word dit nou deur Hom bewaar … Die aarde en alle ander dinge kan net voortbestaan in die mate dat dit deur sy krag en as't ware deur sy hand in stand gehou word … Dit

1 Prof. Pieter Potgieter, Dekaan, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein 9300.

> is Hy alleen wat die hele koers en orde van die natuur deur wysheid, goedheid en krag bestier …[2]

Dit word vir die navorser spoedig duidelik dat God se voorsienigheid vir Calvyn nie soseer iets is wat *verstaan* en *verduidelik* kan word nie, maar dat dit veel eerder 'n saak van belydenis is, wat die diepste dieptes van die geloof raak (vgl. Reuter 1963:171). Dit is klaarblyklik die rede waarom hy telkens die term *verborge* (*arcanus*) in verband met die voorsienigheid van God gebruik.[3] Sy teologie spreek van 'n hartsoortuiging en geloof in God se omvattende heerskappy oor die totaliteit van die skepping. Wat ookal gebeur, het op een of ander wyse 'n plek in die ewige raadsplan van God. Daarom moet selfs die mag van die Bose wat ons so dikwels waarneem en ervaar, gesien word in perspektief van God se genade in Christus. Sy versoeningswerk sal sonder enige twyfel die magte van die Bose oorwin. Daarom leef ons gelowig en gehoorsaam vanuit die lyding en genoegdoening van Christus (vgl. Potgieter 1998:45).

Calvyn handel breedvoerig oor die voorsienigheid van God in Boek 1 van die 1559-Institusie, hoofstukke 16 tot 18. Hy beroep hom deurlopend op die Heilige Skrif om wat hy van God se voorsienigheid glo, te bevestig. God het nie net die wêreld deur sy Woord geskep, toeberei en gevestig nie, maar hou ook alles deur die werking van sy Gees in stand (Inst. I.16.1) —— niks is die gevolg van toeval (*fortunae*) of die noodlot (*casibus fortuitis*) nie (I.16.2, vgl. I.16.8), en God gee ook nie sy beskikking oor alles op enige wyse prys nie: dit is 'n "wakker, doeltreffende, werksame almag wat voortdurend aktief is" (Inst. 1.16.3; vgl. ook 'n preek van Calvyn in OC 46:91-92,95). In paragraaf 7 van hoofstuk 16 maak hy besondere gewag van God se gebruik van die natuur om sy voorsienigheidsdoel te bereik:

> Anders sou dit ook nie waar wees dat Hy van die winde sy boodskappers, van vuurvlamme sy diensknegte en van wolke sy rytuie maak … nie (Inst. I.16.7).

God bestier alles deur sy wil, maar deur sy voorsienigheid sorg Hy dat die gevolge van sy bestiering altyd reg is,[4] selfs wanneer ons nie die rede

2 *… providentia sua gubernare mundum, arbitrio suo omnia constituere: omnibus creaturis, prout visum est, imperare …mundum, ut semel ab eo fuit conditus, ita nunc ab eo conservari: nec aliter et terram, et alia omnia stare, nisi quatenus eius virtute et quasi manu sustinentur … eum esse unum qui sapientia, bonitate, potentia, totum naturae cursum atque ordinem regat* (*Catechismus ecclesiae Genevensis*, 1545. I. *De fide*. In: Müller 1987).

3 Dit word verderaan in hierdie artikel breedvoeriger behandel.

4 *sed illa moderatrix rerum omnium providentia, a qua nisi nihil rectum manat....*

daarvoor verstaan nie (Inst. I.17.2). Ons moet egter nooit konkludeer tot 'n deterministiese voorsienigheidsleer nie, asof gebede oor dinge wat in die toekoms lê, sinloos of oorbodig sou wees (Inst. I.17.2). Dit is iets wat sterk benadruk word deur Calvyn, onder andere in sy prediking oor die boek Job (Potgieter 1998:43). Hy stel dit duidelik dat dit nie noodwendigheid of determinisme is nie, maar juis Goddelike leiding wat ten grondslag lê van 'n Bybelse en Gereformeerde verstaan van God se voorsienigheidshandelinge (vgl. Farley 1988:156). Beplanning ten opsigte van die toekoms is inderdaad 'n verantwoordelikheid wat ons nie mag ontwyk nie. Iemand wat deur sy eie nalatigheid of onversigtigheid skade ly, sal weet dat dit inderdaad volgens die wil van die Here plaasgevind het, maar hy sal terselfdertyd moet erken dat hy self die oorsaak daarvan is (Inst. I.17.9). Ons moet, trouens, die hulpbronne en middels wat tot ons beskikking is oral waar dit nodig is, gebruik. Daarom, sê Calvyn, het hy

> tevore gewaarsku dat die voorsienigheid van God nie altyd oop en bloot op ons pad kom nie, maar op die een of ander wyse klee God dit in namate Hy sy middels daarvoor aanwend (Inst. I.17.4; vgl. I.16.4 en I.16.7).

Die *middele* wat God in diens neem, kan natuurlik ook mense wees. Niks is die gevolg van 'n blinde noodlot nie. Ons kan en mag God se voorsienigheid met dankbaarheid in gedagte hou — selfs by die gewone gevare wat ons lewe elke dag kan bedreig:

> Gaan aan boord van 'n skip, en jy is net 'n voet van die dood af. Sit op 'n perd, en jou lewe is dan in gevaar as net een van sy voete struikel. Loop deur die strate van 'n stad: soveel dakpanne as wat daar is, soveel keer is jy aan gevaar blootgestel. As jy of jou vriend 'n stuk ystergereedskap ter hand neem, is julle skade naby. Al die wilde diere wat jy sien, is toegerus om jou ondergang te bewerkstellig. Maar as jy nog sou poog om jou in 'n goed omheinde tuin af te sonder waar net skoonheid jou omring, sal ook daar soms 'n slang skuil … Maar my doel is om nou slegs te praat oor die ellende wat die mens gaan ervaar as hy aan die oorheersing van die noodlot onderwerp word (Inst. I.17.10).

Vir Calvyn is die voorsienigheid 'n aktiewe en deurlopende handeling van God. Daarom keer hy hom sterk teen die gedagte dat sekere dinge maar bloot by wyse van God se toelating gebeur. Juis daarom kan selfs die optrede van die Bose 'n plek hê in God se voorsienigheidshandelinge (Inst. I.18.1,2).

Calvyn sien God se voorsienigheid as 'n omvattende saak waarvoor die gelowige nie hoef te vrees nie, maar waarin hy hom juis geborge kan voel. En tog is daar sekere vrae oor Calvyn se voorsienigheidsleer waarop die ant-

woord nie meteens voor die hand liggend is nie. In hierdie artikel gaan die ondersoek veral oor die verskillende *middele* wat God in die uitvoering van sy voorsienigheid gebruik. Dit is, trouens, een van die oogpunte van Calvyn se voorsienigheidsleer wat ernstige vrae oproep. En merkwaardig genoeg is God se gebruik van middele een van dié aspekte van Calvyn se teologie wat nog nie in navorsing genoegsaam aandag gekry het nie. Krusche (1957) wy wel enkele bladsye daaraan in sy boek oor die werk van die Heilige Gees by Calvyn, maar dit is nie veel meer as 'n kursoriese oorsig nie. Bohatec (1909: 353) en Doumergue (1910:114 vv.) verwys ook daarna, maar dan veral om te sê dat Calvyn meer maak van middele as wat Zwingli doen.

Ten opsigte van die gebruik van middele handhaaf Calvyn vanselfsprekend die volkome soewereiniteit van God. Daarom sê hy ook duidelik dat God in sy albestier soms met, soms sonder en soms selfs teenoor middele werk — *ut nunc mediis interpositis operetur, nunc sine mediis, nunc contra omnia media* (Inst I.17.1).

'n Eerste vraag vir ons is wat Calvyn alles onder middele van God se voorsienigheid tuisbring. Dit wil soms voorkom asof hy ook die Woord en die Gees van God self as media van die voorsienigheid beskou. Maar is dit werklik sy bedoeling? Of is dit eerder 'n geval dat hy sekere Goddelike eienskappe wat eie is aan die Woord en die Gees sien as die media waardeur God sy voorsienigheidshandelinge uitvoer? 'n Ander moontlikheid is dat Calvyn met 'n voorveronderstelling van die gebruik van middele op *verskillende vlakke* werk. Dan sou dit beteken dat die Woord en die Gees op 'n hoogste vlak middele binne die triniteit is; dat sekere Goddelike eienskappe van die Woord en die Gees (soos byvoorbeeld krag en wysheid) as voorsienigheidsmiddele op 'n volgende vlak funksioneer; dat God sy lewende skepsele (mense, engele en selfs demone) onder sy bestiering in diens neem; maar dan ook nog op 'n laaste vlak natuurkragte en selfs voorwerpe wat deel is van die kosmos.

Dit is duidelik dat Calvyn ruimte laat vir direkte of onmiddellike handelinge van God as hy sê: *nunc sine mediis*. Dit gaan vanselfsprekend om trinitariese handelinge, maar kan ewe goed betrekking hê op werke wat meer in die besonder aan die Vader, die Seun (die Woord) of die Heilige Gees verbind word.

Calvyn gee besondere aandag aan die werksaamheid van die Heilige Gees by die skepping soos beskryf in Genesis 1:2: *et Spiritus Dei agitabat se in superficie aquarum*[5] (die Gees van God het oor die waters gesweef). In hier-

5 Waar Skrifverwsyings in Latyn aangehaal word, is dit die vertaling van Calvyn soos in sy Kommentaar op die bepaalde teks.

die handeling van die Gees sien hy dan die bewarende werksaamheid van God met betrekking tot die instandhouding van sy skepping. In sy kommentaar op Genesis 1 neem hy wel kennis van verskillende interpretasies van die Hebreeuse *participium: inde varietas in participio* (*merachephet*). Hy dui egter nie sonder meer die Gees self aan as medium van instandhouding nie, maar sê dat die krag van die Gees nodig was om dit in stand te hou: *spiritus virtutem in ea sustinenda fuisse necessariam* (*Comm. ad loc.*, OC 23,16). In die Institusie (1559) verwys hy ook na hierdie Skrifgedeelte. Dit is merkwaardig dat hy hier (anders as in sy vertaling en kommentaar waar hy die werkwoorde *agitabat* en *agitaret*, wat beweging aandui, gebruik) verwys na die Gees van God wat Hom uitgestrek het oor die afgrond (*expansum fuisse super abyssos*, Inst. I,13,14). Maar tog gaan dit vir hom klaarblyklik in al hierdie terme om die eie werksaamheid van die Gees. Hieruit kan klaarblyklik afgelei word dat hy nie die Gees as instrument of medium van die Goddelike werksaamheid beskou nie, maar inderdaad as die handelende subjek self (vgl. ook Inst. I.16.1).

Die geval is dieselfde in Calvyn se vertaling van en kommentaar op Psalm 104:30. Hy vertaal so: *Emmites spiritum tuum, creabuntur* (U sal u Gees uitstuur en hulle sal geskep word). Dit is die Gees deur wie die lewegewende krag van God (*vivificam Dei virtutem*) aan ons geskenk word (*nobis in vitam datus est*, Comm. ad loc. OC 32,95). Ook hier is dit duidelik dat die Gees nie die medium is waardeur God werk nie, maar die Een wat self handel.

'n Sinsnede in Calvyn se *Confessio de Trinitate propter Calumnias P. Caroli* (OC 9,705) mag ook die indruk wek dat die Gees gesien is as die middel waardeur God lewe gee en alles onderhou. Hy sê: *Ille (spiritus sanctus) enim est, qui ubique diffusus omnia sustinet etc.* — Dit is Hy (die Heilige Gees) wat, waar ookal versprei, alles onderhou, ens. Die *participium diffusus* kan dan verstaan word as sou dit dui op die Gees as iets wat in sy omvangryke verspreiding die middel is waardeur dinge gebeur. Uit die konteks is dit egter duidelik dat dit nie op iets anders dui as die alomteenwoordige werking van die Gees nie.

Ook uit sy *De aeterna Dei Praedestinatione*, waarin Calvyn onder andere handel oor die drievoudige werk van die Heilige Gees, is dit duidelik dat hy nie die Gees self as die medium sien waardeur vir alles gesorg word nie: dit is sy regeringshandeling waardeur Hy dit laat gebeur (*gubernatio, qua foventur*, OC 8,349).

Ook ten opsigte van die Woord van God as Tweede Persoon in die Triniteit kan die vraag gestel word of Calvyn nie dink in terme van 'n middel waardeur God werk nie. In sy kommentaar op Psalm 33:6 (Deur die woord van die Here is die hemele gemaak — Calvyn vertaal: *Verbo Iehovae coeli fir-*

*mati sunt*) — aanvaar hy dat hier verwys word na die ewige Woord van God, wat die eniggebore Seun van God is (*per aeternum Dei sermonem qui filius est unigenitus*). Die psalmdigter wil, aldus Calvyn, duidelik sê dat God by die skepping nie van eksterne middele gebruik gemaak het nie, maar dat alles deur die ewige Woord gemaak (*fabricatum*) is. Die vraag is egter of die voorsetsel *per* die Woord hier as bewerker of eerder as medium van die skepping aandui. Die konteks dui m.i. sterk daarop dat ons hier nie moet dink aan 'n middel (medium) nie, maar aan die onmiddellike werk van God — daar was by wyse van spreek nie meer as 'n kopknik van God nodig nie — *solo nutu contentus*! (*Comm. ad loc.*, OC 31,326; vgl. Inst. I.16.1). Dié denke van Calvyn word nog duideliker in sy Institusie, Boek IV as hy sê dat Christus van die begin af die lewende Woord van die Vader was (*vivificum illud Patris verbum fuisse*), die bron en oorsprong van lewe (*vitae fontem et originem*) van waaruit alle dinge altyd die lewe ontvang (*unde omnia ut viverent semper acceperunt*). (Inst. IV.17.8). Hier dui die voorsetsel *unde* nog duideliker op die bewerker self.

Daar is wel een plek in die Institusie waar die woord onteenseglik as middel of instrument van die Gees aangedui word: *verbum esse organum quo Spiritus … dispensat* (Inst. I.9.3). Maar in hierdie geval is dit uit die konteks duidelik dat hy verwys na die gesproke woord as verkondiging van die evangelie, en nie na die ewige Woord as Persoon binne die Drie-eenheid nie.

Krusche maak die interessante opmerking dat dit wil voorkom asof Calvyn soms bepaalde handelinge van God spesifiek aan die Heilige Gees toeskryf, en dan op ander plekke weer van dieselfde werksaamheid sê dat dit deur middel van die ewige Woord van God geskied (Krusche 1957:24). Calvyn noem in sy werke dat daar verskillende werksaamhede van die Heilige Gees (*multiplicem Spiritus actionem*) is, waardeur Hy alles wat bestaan, onderhou en bewaar (Kommentaar op Rom. 8:14; OC 49,147). Hy noem die algemene regering van die wêreld (*generalis mundi gubernatio*), trouens, die werk van die Gees wat voor alles kom (*primo loco statuenda est*; sien Calvyn, *De aeterna Dei praedestinatio*, OC 8,349). Wat egter merkwaardig is, is dat Calvyn in sy kommentaar op Johannes 1:5 dieselfde sê van die Woord van God (*Comm. ad loc.*).

Wanneer Calvyn sistematies hieroor handel, laat hy hom besonder versigtig uit. Hy is amper huiwerig as hy oor die aard van die onderskeiding tussen die Vader, die Woord en die Gees handel. Enersyds wil hy 'n duidelike onderskeid tussen die Woord en die Gees handhaaf: hoe kan die ewige Woord (*Sermo aeternus*), wat tog die Gees in orde voorafgaan, die afbeelding van die Gees genoem word? (Inst. I.15.3). Maar andersyds maak die Skrif self tog wel 'n onderskeiding.

> Die onderskeid is die volgende: dat aan die Vader die begin van die werke (*principium agendi*) en die bron en oorsprong van alle dinge toegeskryf word; dat aan die Seun die wysheid, die raad en die toedeling in al die werke (*sapientia, consilium, ipsaque in rebus agendis dispensatio*) toegeken word, maar dat aan die Gees die krag en uitvoering van die werk (*virtus en efficacia actionis*) toegeskryf word (Inst. I.13.18).

Krusche waarsku egter dat ons hiermee versigtig moet wees. Die Woord (ewigen *sermo*)

> ist Quell und Ursprung allen kreatürlichen Lebens, er ergießt sein Leben in die Kreaturen, flößt ihnen Kraft zum Atmen und Leben ein, und durch *seine* Kraft behalten alle das einmal empfangene Leben; durch seine continua inspiratio bleibt die Welt in ihrem Status, ohne sie fiele sie ins Nichts zurück. Man könnte geneigt sein, diese Aussagen als eine unklare Vermengung des dem Heiligen Geiste eigentümlichen Werkes mit dem Christuswerk zu beurteilen, ein Vorwurf, der in der Tat gegen Calvin … erhoben worden ist (Krusche 1957:24).

Dit is immers uit Calvyn se geskrifte duidelik dat die "eigentümliche des Geisteswirkens" juis is dat dit nie eie werke is nie, maar die inwerkingstelling van die werke van die Vader en die Seun (Krusche 1957:24). Daarom is dit nie vreemd dat dieselfde werke nou aan die Woord en dan weer aan die Gees toegeskryf word nie. En wanneer dié werke dan deur middel van watter instrument ookal — lewend of nie lewend — uitgevoer word, is die Woord en die Gees beide daarby betrokke. Die kerkvaders het, trouens, nie anders daaroor gedink nie: *opera Dei ad extra sunt indivisa*!

Hiermee word dit nog duideliker dat dit nie Calvyn se bedoeling kan wees dat die Woord en die Gees self as media van God se voorsienigheidshandelinge fungeer nie. 'n Vraag wat dus wel ter sake is, is of hy nie miskien sekere *eienskappe* van God sien as media waardeur Hy sy voorsienigheidshandelinge verrig nie? Waar die Hebreeuse teks van Genesis 1:2 byvoorbeeld bloot na die teenwoordigheid van die Gees oor die waters verwys, voeg Calvyn in sy kommentaar sekere eienskappe of werkinge van God by: sy krag (*spiritus virtutem*), sy verborge werksaamheid (*arcana spiritus efficacia*) en sy inspirasie (*arcana Dei inspiratio*). Dink hy nie hieraan in terme van media wat deur God in gebruik geneem word nie? Hy sê byvoorbeeld dat God lewenskrag uit die hemel moet meedeel om alles in stand te hou (*e coelo vigorem installaverit*, Kommentaar op Jes. 32:15), en dat die wêreld gedra word deur die dieselfde krag as waardeur dit eenmaal geskep is (*eadem Dei virtute qua semel creata est*, Kommentaar op Jer. 27:5).

Die belangrike kwessie hier is of Calvyn die krag waardeur God dit doen, sien as iets wat tot die essensie van sy wese behoort ("God is, wat Hy het"), en of dit eerder iets buite Homself is wat Hy ook skeppingsmatig daargestel het om as middel vir sy werk te gebruik.

Hy stel dit onomwonde dat God geen eksterne middel gebruik het in sy skepping van die wêreld nie: dit was God se Woord en die gees van sy mond (*verbum Dei et spiritum oris*) teenoor (*opposuit*) alle eksterne middele (*externis omnibus mediis*, Kommentaar op Ps. 33:6). In dieselfde gedeelte stel hy egter ook dat die skepping van die wêreld ons noodwendig lei na God se voorsienigheid, waarvan hy dan voorts sê dat die wêreld beheer word (*gubernari*) deur sy wysheid en krag. Dit bly dus 'n geldige vraag of hy inderdaad daaraan kan ontsnap om hierdie eienskappe as middele in God self te sien, ten spyte van sy volledige verwerping van Servet se gedagte dat die Heilige Gees iets van sy eie wese meedeel aan skepsele. In sy kommentaar op Psalm 104 sê hy byvoorbeeld dat dit nie teenstrydig is om die gees wat daar in alle lewende wesens is, ook die gees van God te noem nie. God stuur hierdie gees, wat altyd by Hom is, waarheen Hy ookal wil, en daardeur vind die skepping dan plaas. En dan sê hy uitdruklik: *Hoc modo quod suum erat, nostrum facit* — op hierdie manier maak Hy wat syne was, ons s'n. Maar hy sê onmiddellik ook weer dat dit alles behalwe die psalmdigter se bedoeling was om die gees van God te verdeel (*partiri*) sodat 'n deeltjie daarvan in essensie in elke lewende wese gevind kan word. So 'n gedagte is die gekheid (*delirio*) van die Manicheërs (Kommentaar op Ps. 104:30, OC 32,95).

Waar Calvyn handel oor die wese van God in sy kommentaar op Eksodus 3:14 ("Ek is wat Ek is") kom iets hiervan ook aan die orde.

> God ken aan Homself alleen Goddelike heerlikheid toe omdat Hy uit Homself bestaan en daarom ewig is. So kan Hy dan aansyn en bestaan aan elke skepsel gee ... As ons dus die een God reg wil verstaan, moet ons allereers weet dat alles in hemel en op aarde hulle wese aan sy wil ontleen of ook hulle bestaan aan die Een wat waarlik is. Aan sy wese word alle mag ontleen; want as God alles deur sy uitnemendheid onderhou, regeer Hy dit ook deur sy wil (*Comm. ad loc.*).

Maar ook hieruit is dit nog nie duidelik hoe Calvyn die bestaansoordrag van God na die skepping sien plaasvind nie, en of dit middellik of onmiddellik gebeur nie. Sy kommentaar op 1 Johannes 4: 8 en 16 ("God is liefde") help ons ook nie, want hy sien die liefde waarvan hier sprake is nie as wesenlik van God nie, maar eerder as iets wat ons by wyse van afleiding in Hom vind (Kommentaar op 1 Joh. 4:8, 16).

Alles in ag genome, moet ons erken dat Calvyn nie duidelik laat blyk of ons hier moet dink aan iets binne of iets buite die wese van God nie. Dit

wil egter voorkom asof sy bedoeling na alle waarskynlikheid is om aan te dui dat wat ons sien, 'n weerkaatsing is soos in 'n spieël van die lewegewende krag van God: *in hoc speculo lucere nobis vivificam Dei virtutem* (OC 32,95). Miskien is dit juis ook die rede waarom Calvyn telkens na die verborge (*arcana*) eienskappe en handelinge van God verwys; hier is iets wat uitstyg bo die begripsvermoë van nietige skepsels.

Wanneer hy in die Kategismus van Geneve oor die Drie-eenheid handel, stel Calvyn dit dat ons aan die krag van die Heilige Gees moet dink as iets wat versprei is oor alle dinge, maar tog ewigdurend in die Gees self vertoef (Calvyn 1545: Vol.VI col. 9). Daarom is dit nie verbasend dat hy dikwels die term *inspiratio* in verband bring met God se voorsienigheidshandelinge nie.[6]

Daar is egter ook 'n ander interessante opmerking van Calvyn. In sy kommentaar op Johannes 1:3 sê hy dat die *uitwerking* van sy krag (*eius vis effectu*) waargeneem kan word in die werking van die Woord na buite (*externum actum Verbi*). Sou sy bedoeling hiermee kon wees dat God sonder die gebruikmaking van middele iets buite Homself kan daarstel wat Hy dan gebruik as medium vir sy openbaring, of vir sy voorsienigheidshandelinge? Want dan is dit nie 'n wesenlike en "onmededeelbare" eienskap van God nie, maar iets wat Hy daargestel het buite sy wese: 'n eindige beeld van sy wesenseienskap.

Calvyn verwys op talle plekke in sy geskrifte na die gebruik van mense en van dinge in die skepping waardeur God in sy voorsienigheidshandelinge sy doel bereik. So sal die dienaar van God telkens ervaar hoe Hy sy goedheid en weldade aan hom bewys, soms deur die diens van mense (*sive per hominem ministerium*), en soms weer deur lewelose dinge in die skepping (*sive ab inanimatis creaturis*, Inst. I.17.7).

Wanneer God mense gebruik om sy werk uit te voer, is hulle niks minder nie as die instrumente in sy hand waardeur Hy dit doen.[7] En die rede waarom die resultaat daarvan — byvoorbeeld die Woordverkondiging — goed is, is omdat die werksaamheid van die Gees aan die werk van die betrokke persoon se woord verbind is (*spiritus efficacia cum eorum voce coniuncta est*, Kommentaar op Eks. 10:13; OC 24,124). Talle voorbeelde van mense wat deur God as middele in die volvoering van sy werk gebruik is, word genoem in Calvyn se kommentare en in sy gepubliseerde preke. Selfs die god-

6 Vgl. bv. sy kommentaar op Gen. 1:2; Eks. 6:3; Ps. 104:30; Joh. 1:4, asook Inst. I.16.1 en I.18.2.

7 " *... quando nonnisi organa sunt quae Dei manu in usum suum applicantur.*" Kommentaar op Eksodus 10:13; OC 24,124.

delose word gebruik. In die lig van sekere buitengewone gebeure skryf Calvyn aan die gemeente van Genève op 1 Oktober 1538:

> Verder moet julle daaraan dink dat hierdie dinge nie met julle gebeur buite die voorsienigheid van God nie; Hy maak selfs van die goddelose gebruik om sy werk volgens sy wil te doen (Bonnet 1855:61).

Maar dan ook engele en selfs Satan (vgl. Inst I.17.7 en Sermo Iob 1:12) word genoem as instrumente in die hand van God (Potgieter 1998:39v.).

Net so gebruik God ook die kragte van die natuur om sy wil te doen, soos byvoorbeeld die oostewind om sprinkane as plaag oor Egipte te bring. Calvyn sê: *impulsu venti orientalis divinatus sunt adductae* — op 'n Goddelike wyse is hulle deur die krag van die oostewind aangebring (OC 24,124).

'n Merkwaardige verskynsel by Calvyn is dat hy telkens die Latynse byvoeglike naamwoord *arcanus* verbind aan naamwoorde wat as werksaamhede van God of as middele in sy voorsienigheidshandelinge gebruik word. Dit is dus duidelik dat Calvyn baie maak van 'n bepaalde verborgenheid in God se bestiering:

> Die merkwaardige wyse waarop God die wêreld bestier, word tereg 'n afgrond (*abyssus*) genoem, omdat ons dit eerbiedig moet respekteer, terwyl dit vir ons verborge is (*dum nos latet*) (Inst. I.17.2).

*Arcanus*, wat letterlik verborgenheid, of in die konteks, ontoeganklikheid vir die menslike begripsvermoë aandui, kom byvoorbeeld in die Institusie van 1559 nie minder nie as 98 keer in sulke verbindinge voor.[8] In sy kommentaar op Genesis 1:2 waar die eerste werksaamheid van die Gees by die skepping aan die orde kom, sê hy dat dit wat God buite Homself daargestel het, op daardie oomblik net deur die *arcana spiritus efficacia* (die verborge werking van die Gees) en die *arcana Dei inspiratio* (mistieke inwerking van die Gees) in stand gehou is (*Comm. ad loc.*, OC 23 ,16). Dit was ook deur sy verborge krag (*arcana eius virtute*) dat God die vloed in die tyd van Noag beheer het (OC 23,131). So werk God ook op 'n bonatuurlike wyse deur die verborge krag van die Gees (*arcana vi spiritus*) wanneer sy volk op droë grond deur die see trek (Kommentaar op Eks. 14:21, OC 24, 154). In sy oordeel oor die nasies handel God op 'n wyse wat vir ons onverstaanbaar is (*nobis incomprehensibilem*, Kommentaar op Eseg. 7:24, OC 40,172). Talle dergelike verwysings kom in Calvyn se geskrifte voor.

8 *Arcanus* word onder andere verbind met *virtus, inspiratio, efficacia, vis, motus, beneplacitum, praedestinatio, electio, segregatio, voluntas, vigor, potentia, communicatio, ratio, operatio, significatio, stipilatio, iudicia, gratia, revelatio, irigatio, testimonium, consilium, influxus, benedictio, providentia, nutu, sapientia,* en *recessus.*

Dit alles is volkome in ooreenstemming met Calvyn se siening dat God se voorsienigheid nie in die eerste plek iets is wat *verstaan* of *verduidelik* kan word nie, maar dat dit eerder 'n saak van *belydenis* is. Wanneer hy in die inleiding tot sy kommentaar op die Psalms na sy eie bekering tot die Protestantisme verwys, pas hy dit selfs op 'n baie persoonlike wyse toe: "Deur die *verborge* leiding van sy voorsienigheid het God uiteindelik 'n ander rigting aan my lewensloop gegee" (*Comm. Psalmorum, Introd.*, OC 31,21).

Sy klaarblyklike bedoeling met die veelvuldige gebruik van hierdie term is dat die dieptes van God se motiewe deur geen mens bevraagteken of beoordeel mag word nie. God weet wat Hy doen, en in sy wysheid besluit Hy self wie of wat Hy as instrumente in sy diens wil gebruik, en ook hoe Hy dit doen. En tog is dit opvallend dat daar ook by Calvyn, by name in sy kommentaar en preke oor die Boek Job, 'n duidelike spanning voorkom tussen die geopenbaarde geregtigheid van God en sy verborge geregtigheid (Potgieter 1998:47; vgl. Bohatec 1936:146-7). Maar dan is dit ook weer waar dat die lig van God se openbaring by geleentheid as't ware deur sy verborge raad breek, waardeur Hy ons tog iets laat verstaan van die diepe wysheid in sy voorsienigheidshandelinge.

Uit die ondersoek is dit duidelik dat wanneer die konteks in ag geneem word, dit nie die bedoeling van Calvyn is dat die ewige Woord en die Gees as sodanig middele is wat deur God "gebruik" word in sy voorsienigheidshandelinge nie — al kan 'n oppervlakkige lees van sy geskrifte soms dié indruk wek. Omdat die Gees die dade van die Drie-eenheid in werking stel, is dit ook nie vreemd dat dieselfde handelinge dan aan die Gees en dan weer aan die Woord verbind word nie.

Wanneer Calvyn op talle plekke sekere eienskappe van God aandui as die "middele" waardeur God werk, bly daar steeds die dilemma dat die eienskappe nie van die wese van God geskei kan word nie. Hulle kan dus ook nie fungeer as media buite die wese van God nie. Uiteindelik ontkom hy dus nie aan 'n blywende spanning tussen die verborge en die geopenbaarde waarhede nie. Dit is klaarblyklik die rede waarom hy oorvloediglik gebruik maak van die term *arcanus* in verbinding met die handelinge van God. Daar is dinge wat vir die mens se verstand gewoon nie toeganklik is nie.

# BIBLIOGRAFIE

BOHATEC J

1909. *Calvins Vorsehungslehre* (*Festschrift z. 400. Geb. Calvins*). Leipzig: Calvin-Studien.

1936. Gott und die Geschicte nach Calvin. *Philosophia Reformata* 146-147.

BONNET J

1855. *Letters of John Calvin. Compiled from the original manuscripts and edited with historical notes*. Translated by D. Constable. Edinburgh: Thomas Constable.

CALVYN J

1545. *Cathechismus ecclesiae Genevensis, hoc est formula erudiendi pueros in doctrina Christi* (OC 6). In: Müller, E. F. K., 1987, *Die Bekenntnisschriften der reformierten Kirche*. Zürich: Theologische Buchhandlung (oorspr. 1903 Leipzig: Deichert)

1984. *Institusie van die Christelike Godsdiens* (1559). Vertaal deur H. W. Simpson. Potchefstroom: CJBF.

1539. *Confessio de Trinitate propter Calumnias P. Caroli* (OC 9).

1552. *De aeterna Dei praedestinatione quo in salutem alios ex hominibus elegit alios suo exito reliquit: item de providentia qua res humanas gubernat, consensus pastorum Genevensis ecclesiae* (OC 8).

1863-1900. *Opera quae supersunt omnia*. Corpus Reformatorum, volumen XXIX etc. Ediderunt Baum, Cunitz et Reuss. Brunsvigae.

1993. *Sermons on Job. Facsimile edition of Arthur Golding's 1574 translations*. Edinburgh: Banner of Truth Trust.

DOUMERGUE E

1910. *Jean Calvin. Les hommes et les choses de son temps. Vol. IV: La pensée religieuse de Calvin*. Lausanne.

FARLEY B W

1988. *The providence of God*. Grand Rapids: Eerdmans.

KRUSCHE W

1957. *Das Wirken des heiligen Geistes nach Calvin*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

MÜLLER E F K

1987. *Die Bekenntnisschriften der Reformierten Kirche*. Zürich: Theologische Buchhandlung (oorspr. 1903 Leipzig: Deichert).

OC.

*Vide* Calvyn, J 1863-1900. *Opera quae supersunt omnia*.

POTGIETER P C

1998. Perspectives on the doctrine of providence in some of Calvin's sermons on Job. *Hervormde Teologiese Studies* 54/1&2:36-49.

REUTER K
1963. *Das Grundverständnis der Theologie Calvins*. Neukirchener Verlag des Erziehungsvereins.

SAXER E
1980. *Vorsehung und Verheissung Gottes*. Zürich: Theologischer Verlag.

SERMO IOB.
*Vide* Calvyn, 1993.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Calvyn | Calvin |
| God | God |
| Voorsienigheid | Providence |